# Hoofstuk van die dag: Jeremia 31

*Dit is die verbond wat Ek in die toekoms met Israel sal sluit, sê die Here: Ek sal my woord op hulle harte skryf en*

> *dit in hulle gedagte vaslê. Ek sal hulle God wees en hulle sal my volk wees. (Jer 31:33)*

In die Ou Testament was die godsdiens gesentreer rondom die tempel, waar die offers gebring is, die feeste gehou is, geloftes afgelê is, ens. God se wil is ook daar bekend gemaak, deur die lering van die priesters en Leviete. Die mense was volledig afhanklik van die geestelikes om hulle die pad te wys. En toe die geestelikes die pad byster geraak het, was dit vir gewone Jode baie moeilik om koers te hou.

Wat Jeremia voorspel, was ’n ingrypend nuwe bedeling, waar gelowiges nie meer op die geestelike leiers aangewese was nie. In plaas van die kliptafels wat Moses ontvang het, sou God sy wet op hulle harte en gedagtes graveer (vers 33). Jesus het ook daarvan gepraat in sy gesprek met die Samaritaanse vrou by Sigar (Joh 4:21-24).

Dit het op Pinksterdag gebeur, toe die Heilige Gees uitgestort is (vgl Joh 16:12-15). Die Gees lei ons nou om aan God se eise te voldoen (Rom 8:4). Wat ’n voorreg!


## Onlangse Bydraes

- Rig 6:14 MET GOD SE TOERUSTING KAN JY DIENSBAAR WEES
- Dawid, die skaapwagter
- Hoe moet ons dit verstaan? 23
- Eva, die vrou wat alles opgemors het
- Gebed ná die prediking

## Argief

Argief Kies 'n maand

- Lees die Bybel saam met my
- Soos ek dit sien
- Preke
- Gebede
- Kortverhale

© Bybelkoerant 2018 – 2026